# 2 Augustus - MÔRESTER

**Skrifgedeelte: Openbaring 22:6-21**
**Fokusgedeelte: Openbaring 22:16c (OAV)**

Baie mense leef sonder hoop en sonder God in hierdie wêreld. Hulle het dan ook geen ware toekomsverwagting nie. Daarom leef hulle vir die wêreld en vir hulleself. Dit verklaar hoekom daar soveel wanhoop en pessimisme, maar ook soveel haat en onmin, is.

In hierdie donker wêreld word daar egter 'n baie besondere boodskap gebring. Jesus Christus self sê: "Ek is die blink Môrester." Dit beteken dat daar hoop en uitsig is in 'n wêreldnag van sonde en ongeregtigheid, van wanhoop en onmin.

Die môrester lei elke môre die koms van 'n nuwe dag in. So het Jesus Christus met sy koms na die aarde, as die blink Môrester, God se nuwe dag kom inlei. Toe Hy deur sy kruisdood en opstanding die duiwel en die dood oorwin het, het God se lig vir die wêreld finaal deurgebreek. Hy het hoop en uitsig en vrede in hierdie wêreld gebring vir hulle wat in Hom glo.

Maar Hy bly ook steeds die blink Môrester wat deur sy Gees en Woord die Aankondiger is van God se nuwe dag. Die dag wanneer ons die volkome verlossing in sy ewige koninkryk sal beleef.

Ons wat glo, moet vir hierdie boodskap hande en voete gee in die wêreld. Deur sy Gees moet ons draers wees van die ewige lig deur elke dag hoopvol en met vertroue tegemoet te gaan, al is so baie rondom ons moedeloos.

Ons moet ook medewerkers wees in God se koninkryk – deur vredemakers te wees in 'n wêreld van soveel onmin en rusie. Dit kan alleen gebeur waar Christus as Koning erken word.

Hy is die blink Môrester. "Blink" dui sy koninklike heerskappy oor alles en almal aan. Daarom kan ons alle aardse dinge ook prysgee tot sy eer. Ons het immers die sekerheid dat ons in sy ewige heerlikheid sal deel.

*Sing: Psalm 2:4*

*Ds JB du Plessis (Grootfontein/Tsumeb)*